# OPMERKINGS OOR SOTHO-MORFOLOGIE

Noord-Sotho, ook genaamd Sepedi, is 'n dialek van die Noord-Transvaalse Sothogroep van Bantoetale. In vroeër jare is dit veral deur sendelinge verhef tot skryftaal. Vanaf 1930 eers is tekens van letterkundige genres op te merk. Intussen het daar ook 'n paar grammatikaboekies verskyn, waarvan dié van Endemann die mees wetenskaplike is. Studies oor fonetiek, fonologie en morfologie en sintaksis ontbreek. Hier het Sepedi 'n agterstand teenoor Tswana en Suid-Sotho. Hier noem ons die name van Doke, Cole en Van Eeden. Hierdie drie Sothogroepe verskil nie baie van mekaar nie en sprekers verstaan mekaar goed.

1. **Woordsoorte.**

Ons neem aan dat die woord die primêre taaleenheid is en dat dit in wese die basis vorm vir die verskeie vlakke waarop die linguistiek bestudeer word. Die Fonetikus, die Fonoloog, die Morfoloog en die Sintaktikus se onderskeie uitgangspunte berus primêr op die woord, sy klankvorm, sy bestanddele en sy funksie. Geen vlak kan bestudeer word alvorens die ondersoeker van die een vlak homself deeglik van die resultate van die ondersoekers op die ander vlakke vergewis het nie.

Op watter basis of volgens watter kriterium moet te werk gegaan word om woorde in woordsoorte in te deel? 'n Ondersoek na die woord en woordklasse in Bantoetale is nog nooit onderneem nie. Die paar spekulatiewe opmerkinge oor hierdie aspekte gaan egter nie op nie. Hierdie studie is daarom meerendeels net 'n uiteensetting van die probleem. Hier word ook geen kritiek gelewer op die woordsoortsisteem van Doke, Cole en Van Eeden nie, omdat dit baie aanverwante probleme skep weens konjunktiewe skrywing, ens.

Die algemene tradisionele klassifikasie van woorde, is in 10 klasse. Die ou linguiste het uitgegaan van die ontologiese standpunt, die logies-kategoriese en die semantiese. Verskeie nuwere taalkundiges het hulle oor die probleem van die woordsoortsisteem uitgelaat. Hermann Paul lewer kritiek maar bied self geen bevredigende oplossing nie. Otto in sy „Zur Grundlegung der Sprachwissenschaft" 1917, beweer dat „die Entstehung der Wortart auf die fundamentalen Kategorieen der Gegenstands-, Eigenschafts- und Vorgangsbegriffe zurück-

zufuhren ist". „Demnach sind, entsprechend den fundamentalen Kategorieen selbständiger Vorstellungen, auch fünf Wortarten anzunehmen". Hulle is: „I. Das Dingwort. 2. Das Eigenschaftswort. 3. Das Vorgangswort (Tätigkeitswort). 4. Das Beziehungswort (voorsetsels en konjunksies. 5. Das Umstandswort". Die Kritiek van De Groot hierop is: „Otto tries to find a classification of words of all languages according to their ontological contents of meaning".

Ander taalkundiges wat hulle hieroor uitgelaat het was Vendryes, Jespersen en De Saussure. Eersgenoemde, soos De Groot dit stel, „tries to find a classification according to the logical contents of meaning". Jespersen stel die vraag: Moet 'n klassifikasie geskied volgens „meaning, the form or the function (syntactic use)?". Hy kom tot die volgende gevolgtrekking: „In my opinion everything should be kept in view, form, function and meaning; but it should be particularly emphasized that form which is the most obvious test, may lead to our recognising some word-classes in one language which are not distinct classes in other languages and that meaning, though very important, is most difficult to deal with".

Bloch en Trager in „Outline of linguistic Analysis" 1942, neem die sintaktiese valensie (funksies) en die morfologiese vorm as kriteria. Betekenis (meaning) kan volgens hulle standpunt nie 'n basis vir die klassifikasie van woorde in woordsoorte wees nie.

As definisie vir die term woordsoort gee De Groot die volgende: „By word-class we understand a collection of words of a given language which have a certain categorical element of meaning or feature of meaning of their stems in common, in so far as the existence of this common element appears not solely from the investigation of meaning but also from the morphological valence of the stems or (and) the syntactic valence of the word." Verder sê hy: „. . . the fundamental morphological classification of words of a given language is evidently a classification according to the categorical meaning of the word-stems." Hy beskou betekenis (meaning—logale inhoud) nie as iets alleenstaande, as begrip alleen nie, dit is gebonde aan vorm. „The term meaning can only be defined with the help of the concept form".

Wat Bloch, Trager, Jespersen en andere negeer, word deur De Groot as kriterium aangewend. Fundamenteel vind ons dan 'n klassifikasie van woordsoorte met vorm (die morfologiese struktuur), funksie (sintaktiese valensie — onderskei dit van gebruik) en betekenis (logale inhoud) as kriteria. Soms geniet een van die drie voorrang.

Anders gestel: Is die woord 'n fonetiese eenheid, 'n morfologiese eenheid, 'n sintaktiese eenheid of 'n semantiese eenheid? Grootaers sê die woord is geen fonetiese maar wel 'n semantiese en grammatiese geheel.

In alle tale word die sogenaamde grensgevalle teëgekom. Hierdie grensgevalle is woorde wat die funksie verrig van meer as een woordsoort of van nog 'n woordsoort en hulle ontstaan uit die toepassing van 'n sekere kriterium of van sekere kriteria. Dit kan bv. gebeur wanneer die woord in isolasie of as geïsoleerde verskynsel, d.w.s. nié in sy gebruik of funksie, geklassifiseer word as behorende tot 'n spesifieke woordsoort. Wat is die nut of waarde van 'n klassifikasie van die woord in isolasie (d.w.s. morfologies)? Op hierdie basis sal ons grensgevalle of teenstrydighede ontmoet wanneer die woorde in hulle funksie gestel word. Dieselfde kan gesê word wanneer die sintaktiese valensie as basis geneem word.

Volgens ons opinie vorm die logale aard of logale inhoud van die woord met sy verskeie funksiepotensialiteite die basiese kriterium waarvolgens woorde in woordklasse geklassifiseer kan word. Ons bedoel dat die verskeie betekenisonderskeidinge wat 'n woord kan hê gebruik kan word of morfologies gerig kan word om die funksie van meer as een woordsoort te verrig. Betekenis en funksie is aan mekaar verbonde. Hierdie kriterium geld vir elke taal afsonderlik en daar moet nie eers in die eie taal vertaal word nie. Allereers moet ons onsself die vraag afvra: Wat bedoel die spreker van 'n spesifiieke taal met 'n spesifiieke woord in 'n spesifieke taalsituasie.

Hierbenewens mag morfonologiese kategorieë of die morfologiese vorm waarin die woord verskyn of kan verskyn bepaald in aanmerking geneem word, tesame met die sintaktiese valensie van die woord. Laat ons die voorafgaande postulasies toelig d.m.v. 'n paar sogenaamde grensgevalle.

Dikgômo di-êma **kgakala** — Die beeste (hulle) staan vêr. Dikgômo di-êma **kgakala ga rena** — Die beeste staan vêr van ons (af). In hierdie twee sinne is **kgakala** respektiewelik **bywoord** en **voorsetsel** in **Afrikaans.** Voordat ons die woord verder ondersoek moet ons eers sê dat **kgakala** nie deur te vertaal as bywoord en voorsetsel geklassifiseer moet word nie, omdat dit op taalwetenskaplike gronde af te keur is. Hierdie woord is 'n naamwoord uit klas 9. Weens sy logale inhoud word dit oorgeplaas na die Lokatiefklasse, soos in **kgakala ga** (besitskakel van die Lokatiefklasse) **motse wa rena** — Vêr van ons stad af (vêr van die

stad van ons). Verder kan dit die Denominatiewe suffigale morfeem— **fala (-fatsa)** neem, bv. **kgalafala.** Dit kan as komplement van die Kopulatief wees, bv. **go-ba kgakala.** Dit kan in die Bo-klas verskyn, bv. **bokgakala** (die vêrte, vêrheid). Bogenoemde is almal bewyse dat **kgakala** 'n naamwoord is. Weens die aard van sy logale inhoud het dit as naamwoord gedevalueer, omdat dit nie meer konkordiale invloed in die sin kan uitoefen nie, en sintakties ontwikkel tot die funksie van 'n bywoord. Maar die vraag of die Bantoe sodanige woorde nog as naamwoord dink of nie meer nie, moet nog beantwoord word. Hierdie woord kan nie konkordiale invloed in die sin uitoefen nie, behalwe wanneer dit in die bo-klas geplaas word en dus ontwikkel tot 'n stam. Wanneer dit egter saam met die besitskakel ga gebruik word, bly dit 'n **naamwoord** en is geen voorsetsel nie.

Ons volstaan by hierdie enkele opmerkings oor die probleem van Woordsoorte en die toepasbare kriteria. Die algemeenste onderskeibare woordsoorte in alle tale is naamwoorde, voornaamwoorde, werkwoorde en partikels. Elk van hierdie woordsoorte het sy eie karakteristieke kenmerke in elke besondere taal. Basiese woordklasse in Bantoetale is naamwoorde, voornaamwoorde, werkwoorde en partikels (N.B. Ons maak onderskeid tussen woordsoorte en rededele — lg. dek 'n wyer veld). Tot dusver het Bantoeloë nog geen taalwetenskaplike bewyse aangevoer vir hulle woordsoortindeling of vir hulle konsepsie van die woord of vir hulle konjunktiewe en disjunktiewe metode van skrywing nie. Ook die grenstekens van die woord en die woordgroep verg nog ondersoek. Ondersoeke na hierdie aspekte van die Bantoetale sal 'n metamorfose t.o.v. ons Bantoetaal-kennis teweeg bring.

2. **Woordklasse.**

Gerieflikheidshalwe deel ons die woorde in die volgende woordklasse in waaruit ons die woordsoorte aflei (of rededele).

**Naamwoordelik:**

Naamwoorde (Saakwoorde) wat konkordiale invloed in die strukturering van die sin uitoefen. Hulle mag beskou word as komende uit die „aktiewe klasse" van die naamwoord.

Naamwoorde wat nie konkordiale invloed uitoefen in die strukturering van die sin nie. Hulle mag beskou word as komende uit die Lokatiefklasse asook uit ander klasse. Weens die aard van hulle logale inhoud het hulle ontwikkel tot bywoorde, alhoewel hulle nog die kleed van die naamwoord vertoon.

Naamwoordlogeme (-stamme), wat natuurlik geen konkordiale invloed uitoefen nie, weens die afwesigheid van 'n klasprefiks. Weens die aard van hulle logale inhoud besit hulle 'n kwalifiserende of beskrywende funksie en word beskou as adjektiewe en interrogatiewe adjektiewe. Hulle kan egter selfstandig optree deur die aanname van 'n klasprefiks.

Infinitiewe (in die Infinitiefklas) wat naamwoordelike sowel as werkwoordelike eienskappe vertoon.

Voornaamwoordelik:

Absolute Voornaamwoorde wat in eenvoudige apposisie tot s.nw. of selfstandig gebruik kan word. Die absolute voornaamwoord van die Lokatiefklasse is defek en het nou 'n bywoordelike funksie.

Aanwysende Voornaamwoorde wat in eenvoudige apposisie tot s.nw. of selfstandig gebruik kan word. Die Aanwysende Voornaamwoorde van die Lokatiefklasse is defek en besit nou 'n bywoordelike funksie.

Besitlike Voornaamwoorde wat in eenvoudige apposisie tot die s.nw. gestruktureer word met selfstandige gebruik as woordgroep.

Kopulatiewe lokatiewe demonstratiewe Voornaamwoorde wat in apposisie tot die s.nw. of selfstandig gebruik kan word.

Werkwoordelik:

Egte Werkwoorde wat konkordiale beïnvloeding kan ondergaan en dus 'n handeling of proses kan voorstel.

Dedisiënte werkwoorde wat konkordiale beïnvloeding kan ondergaan dog wat in gebruik nie 'n handeling of proses voorstel nie, maar wat 'n egte werkwoord as komplement moet neem. Hulle vorm die sogenaamde hulpwerkwoorde. In 'n paar gevalle is daar 'n wisselwerking tussen Egte en Dedisiënte werkwoorde. O.a. oefen hulle modale invloed uit op die werkwoord daarná, en soms word beweer dat hulle aspektiese waarde het (-sa-, -ka- en andere). Hulle verrig die funksie van bywoorde in Afrikaans.

Defekte werkwoorde wat geen konkordiale invloed ondergaan en wat nie 'n handeling of proses kan voorstel en wat geen ander werkwoord as komplement neem nie. 'n Kenmerk van hierdie soort werkwoorde is die aanwesigheid van die klaslose onderwerpskakel e-. Hulle verrig 'n voegwoordelike funksie.

Partikels.
Ideofone.
Intejeksies.

Wanneer die morfologie van die basiese woordklasse van Sotho bespreek word, sal alleen aandag geskenk word aan die naamwoordelike, die voornaamwoordelike en die werkwoordelike woordklasse. Verder laat ons die sintaktiese eienskappe van die verskeie woordklasse buite rekening en laat dit oorstaan vir 'n ander studie.

3. **Morfologie.**

Morfologie is die studie van die uiterlike vorm van woorde of van die formantiese bestanddele daarvan. Ons neem as uitgangspunt die kern van die woord of die logeem. Dit is die absolute minimale bestanddeel van die woord, die draer van die betekenis of die semantiese kern. Rondom hierdie logeem mag ander morfologiese elemente hulle skaar om dit woordsoortelik te struktureer in die eerste instansie, daarna sekere gebruiksfunksies te gee of om sekere semantiese onderskeidinge uit te bring. Hierdie morfologiese bestanddele rondom die kern of logeem noem ons affikse of morfeme. Die woord as geslote geheel verkry sy betekenis deur die kern, die morfeme en die toonmelodie. Morfeme kom vooraan, agteraan of binne-in die kern of logeem. Dus kry ons prefigale, suffigale en infigale morfeme (prefikse, suffikse en infikse).

Verder wil ons 'n wysiging aanbring t.o.v. die Amerikaanse strukturalistiese opvatting van die morfeem. Nida sê in „Learning a foreign Language" bl. 153 par. 5.1. onder andere: „The minimal meaningful parts of languages are called morphemes. They are the smallest part of any utterance which has meaning. In English they may constitute words, e.g. boy, girl, cow, fish, hat, jump, or they may combine to form words, e.g. receive, deceive, boyish, fishy, hatful, jumper. The first group of words cannot be broken down into any smaller meaningful units, but the second group of words can be divided into such parts as re-,-ceive, de-,-ceive, boy,-ish, fish,-y, hat,-ful. Each of these elements is a minimal unit and hence a morpheme."

Graag wil ons met morfeem 'n beperkter terrein bedoel. Sommige woorde en alle kerns wil ons nie morfeme noem nie. Hulle bly woorde en logeme respektiewelik. Lg. is onreduseerbaar dog kan in fonetiese struktuur verander. Wat Nida en ander linguiste as „bound morphemes" en „free morphemes" beskou, beskou ons as morfeme en logeme (woorde ook).

Daarteenoor wil ons die morfeem vir ons doeleindes soos volg definieer: 'n Morfeem is 'n onskeibare minimaalste funksiedraende taalelement wat 'n morfemiese bestanddeel van 'n woord is en wat hulle om die kern of woord skaar vir bepaalde funksies.

Morfeme is onderhewig aan fonologiese veranderinge. Hulle verskil dus nou foneties van mekaar maar die verskille is fonologies verklaarbaar. Sulke veranderinge noem ons morfemiese variante of allomorfeme.

Die invloed van die morfeem is alleen beperk tot 'n kern of logeem of tot 'n woord wanneer dit as logeem voorkom. Verder besit dit 'n hele aantal funksie-onderskeidinge, dit kan die verskillende betekenisonderskeidinge van die stam uitbring, dit kan van een woordsoortlogeem verskeie woordsoorte vorm, dit kan getal, modus, aspek, genus, aktualiteit ens. aandui.

. Omdat Bantoetale feitlik wêreldbekend is weens hul klasindelings en sogenaamde konkordiale sisteem, gee ons 'n uiteensetting van wat dit alles inhou. Weens ons spesifieke opvatting van metode van skrywing en morfologiese indeling moet die betekenis van die term „konkordiaal" met 'n knippie sout geneem word. Hierdie sogenaamde skakels is of morfeme of sintagmeme (d.w.s. morfologiese morfeme of sintaktiese morfeme). Hulle is ook bekend vanweë hulle affikssisteem. Weens ons spesifieke opvatting van die metode van skrywing sal die indeling van die tradisionele en van die konjunktiviste van ons s'n verskil.

**Die Konkordiale sisteem:**

Naamwoordelik: Hulle word op sintaktiese vlak gebruik om naamwoordelike woordgroepe te vorm. Die konjunktiviste beskou hulle as formative elements terwyl die disjunktiviste hulle as skakels beskou. Ons beskou hulle as sintagmeme of sintematiese elemente.

A. Die Demonstratief (Aanwysende Voornaamwoord): Behalwe ander sintaktiese funksies as „skakel" gebruik by die volgende woordgroepe. Dit verrig hier eintlik die funksie van 'n relatiewe voornaamwoord.

a. Adjektiewe woordgroepe.

b. Naamwoordelik-relatiewe woordgroepe.

c. Werkwoordelik-relatiewe woordgroepe.

B. Die Besitskakel: As „skakel" gebruik by die strukturering van die volgende possessiewe woordgroepe.

a. Naamwoord as besitter.

b. Besitlike Voornaamwoord as besitter.

c. Woordgroepe/sinne as besitter.

Werkwoordelik: Hulle word op morfologiese vlak gebruik om werkwoorde of werkwoordgroepe te vorm.

A. Die Onderwerpskakel: As „skakel" gebruik by die strukturering van die predikaat. Hulle is onderhewig aan tonologiese en morfemiese veranderinge.

B. Voorwerpskakel: As „skakel" gebruik by die strukturering van die predikaat wanneer die voorwerp weggelaat word. Dit verwys, as deel van die predikaat na die voorwerp. Sommige onderhewig aan fonologiese veranderinge.

Die **Affikssisteem**: Na die plek wat hulle rondom die wortel inneem kan hulle verdeel word in prefigale-, suffigale- en infigale morfeme. Na hulle verhouding tot die kern of stam kan hulle verdeel word in afléidingsmorfeme en uitgangsmorfeme. Bantoetale het nie infigale morfeme nie.

Naamwoordelik:

A. Prefigale Morfeme.
B. Suffigale Morfeme.
C. Uitgangsmorfeme.

Werkwoordelik:

A. Prefigale Morfeme.
B. Suffigale Morfeme.
C. Uitgangsmorfeme.

C. J. H. KRUGER.

P.U. vir C.H.O.